

OGGEND-BYBELSTUDIE
HEIDELBERGSE KATEGISMUS
DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD
SONDAG 10
STUDIESTUK 6

Vooraf:

- Lees en herlees Sondag 10.
 - o Vr en antw 27: Lees van voorsienigheid
 - o Vr en antw 28: Troos van voorsienigheid
- Lees en oordink Genesis 22:1-19.

Hou die volgende in gedagte:

- Augustinus (die kerkvader) het gesê:
“Indien voorsienigheid van God die mens se lewe nie regeer nie, bly daar van religie niks oor nie.”
- Ursinus (een van die opstellers van die Kategismus) het gesê
“Die fundamente van die godsaligheid word omver gestoot as mens die leer van voorsienigheid versaak.”

Vrae vir bespreking:

- Lees Handeling 2:31 en ook Genesis 22:8. Die woord “voorsien” kom in die twee verse voor. Wat beteken die woord “voorsien” in bogenoemde Bybelverse?

- Lees Art. 13 NGB. Wat leer jy uit Art. 13 t.o.v. voorsienigheid?

- Lees Matteus 10:29 en 30. Wat dink jy is die verband tussen God se raadsplan en voorsienigheid?

- Lees Matteus 28:18. Wat beteken die vers vir jou persoonlik?

Volgende keer meer oor vraag en antwoord 28.